



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Vol. 713

8

November 2024
November

No. 51526



N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

ISSN 1682-5845



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE**NO. 5533****8 November 2024****ADDITIONAL CONSIDERATIONS IN TERMS OF SECTION 80(2) OF THE TAX ADMINISTRATION ACT, 2011 (ACT NO. 28 OF 2011) IN RESPECT OF WHICH AN APPLICATION FOR A BINDING PRIVATE RULING OR A BINDING CLASS RULING MAY BE REJECTED**

In terms of section 80(2) of the Tax Administration Act, 2011, I Edward Christian Kieswetter, Commissioner for the South African Revenue Service, hereby prescribe in the Schedule hereto, the additional considerations in respect of which an application for a binding private ruling or a binding class ruling may be rejected.

This public notice replaces with effect from the date of publication thereof all previous notices issued under section 80(2) of the Tax Administration Act, 2011.

**E C KIESWETTER****COMMISSIONER: SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE**

Schedule

1. General

Any term or expression contained in this notice to which a meaning has been assigned in a “tax Act” as defined in section 1 of the Tax Administration Act, 2011, has the meaning so assigned, unless the context indicates otherwise.

2. List of additional considerations in respect of which the Commissioner may reject an application for a binding private ruling or a binding class ruling

The aspects in respect of which SARS may reject an application for a binding private ruling or a binding class ruling, are hereby extended by the following items in respect of the indicated tax Acts:

2.1 Income Tax Act, 1962 (Act No. 58 of 1962)

- 2.1.1 The determination of the allowance referred to in section 24C(2).
- 2.1.2 The effect of a salary sacrifice for the purposes of the definition of “remuneration” as defined in paragraph 1 of the Fourth Schedule.
- 2.1.3 The interpretation and application of the exemption under section 10(1)(c)(v), in relation to any agreement entered into before 1 January 1990.
- 2.1.4 The deductibility of any expense incurred by an employer in order to transfer or extinguish, in whole or in part, its post-retirement medical aid obligations towards past or present employees (excluding deductions under section 12M), specifically including, but not limited to—
 - (a) lump sum contributions to pension, provident or benefit funds;
 - (b) lump sum settlement payments made directly to employees;
 - (c) premiums paid by the employer to acquire annuity policies.
- 2.1.5 Applications concerning residency or tax status, which include—
 - (a) the determination of the place of effective management for purposes of the definition of “resident” in section 1(1);
 - (b) any determination whether a “foreign business establishment” in relation to a controlled foreign company is in existence for purposes of the definition of that term in section 9D(1);
 - (c) any determination whether a “permanent establishment” as defined in section 1(1) has been created.
- 2.1.6 Whether consideration would constitute “fair market value” for purposes of Part V of Chapter II.
- 2.1.7 Any exercise of the Commissioner’s discretion under section 58(1) to determine whether the consideration given for the disposal of property is adequate.

2.2 Value-Added Tax Act, 1991 (Act No. 89 of 1991)

- 2.2.1 The liability for tax of a supplier of goods or services that is not a party to the application.
- 2.2.2 The entitlement to deduct input tax in respect of goods or services acquired by a person who is not a party to the application.
- 2.2.3 Applications requiring the Commissioner to determine that a person is acting as an agent or principal in respect of a supply of goods or services.
- 2.2.4 Whether a supply of goods or services constitutes a single supply, composite supply or multiple supplies.
- 2.2.5 Confirmation that the issuing of a tax invoice, debit or credit note complies with the requirements imposed by any law relating to electronic communications, or that any technical requirements are met in respect of electronic invoicing.
- 2.2.6 Confirmation whether or not a person that is not a “resident of the Republic” as defined in section 1(1) carries on an “enterprise” as defined, through a permanent establishment in the Republic.
- 2.2.7 Confirmation whether a person is a “resident of the Republic” as defined in section 1(1) with reference to the place of effective management.
- 2.2.8 Applications involving transactions in respect of which material facts cannot be established at the time of the application.

2.3 Employment Tax Incentive Act, 2013 (Act No. 26 of 2013)

- 2.3.1 Applications relating to an employer’s eligibility to receive the “Employee Tax Incentive” under the provisions of the Employment Tax Incentive Act, 2013 (Act No. 26 of 2013).

2.4 Other considerations

- 2.4.1 Applications for directives or certificates in terms of the laws administered by the Commissioner if other mechanisms have been established by which those directives or certificates may be obtained.
- 2.4.2 Applications concerning the attribution, allocation or apportionment of expenditure or input tax for income tax or value-added tax purposes. A request for the approval of an alternative apportionment method may be made in terms of section 41B of the Value-Added Tax Act, 1991.
- 2.4.3 Applications pertaining to the tax consequences of transactions contained in agreements which have already been concluded, except requests for—
 - (a) rulings or class rulings in terms of section 41B of the Value-Added Tax Act, 1991; or
 - (b) the extension of the validity of a ruling prior to its expiry date, if the facts (including all the terms of the transaction), the applicable provisions of the relevant legislation and the applicable legal principles remained the same.

- 2.4.4 Applications in respect of which the applicant or co-applicant has not rendered all tax returns or paid any tax by the due date, unless arrangements acceptable to SARS have been made.

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. 5533

8 November 2024

VERDERE OORWEGINGS INGEVOLGE ARTIKEL 80(2) VAN DIE WET OP BELASTINGADMINISTRASIE, 2011 (WET NO. 28 VAN 2011) TEN OPSIGTE WAARVAN 'N AANSOEK OM 'N BINDENDE PRIVAATBESLISSING OF 'N BINDENDE KLASBESLISSING AFGEKEUR KAN WORD

Ingevolge artikel 80(2) van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, bepaal ek, Edward Christian Kieswetter, Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, in die aangehegte Bylae, die verdere oorwegings ten opsigte waarvan 'n aansoek om 'n bindende privaatbeslissing of 'n bindende klasbeslissing afgekeur kan word.

Hierdie openbare kennisgewing vervang alle vorige kennisgewings wat uitgereik is kragtens artikel 80(2) van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, vanaf die datum van publikasie hiervan.

E C KIESWETTER**KOMMISSIONER: SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

Bylae

1. Algemeen

Enige woord of uitdrukking in hierdie kennisgewing vervat waaraan 'n betekenis ingevolge 'n "Belastingwet" soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, toegeskryf is, dra die betekenis aldus daaraan geheg, tensy dit uit die konteks anders blyk.

2. Lys van verdere oorwegings ten opsigte waarvan die Kommissaris 'n aansoek om 'n bindende privaatbeslissing of 'n bindende klasbeslissing kan afkeur

Die aangeleenthede ten opsigte waarvan SAID 'n aansoek om 'n bindende privaatbeslissing of 'n bindende klasbeslissing kan afkeur, word hierby deur die volgende items vir die onderskeie Belastingwette uitgebrei:

2.1 Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962)

- 2.1.1 Die bepaling van die toelaag soos bedoel in artikel 24C(2).
- 2.1.2 Die effek van 'n salarisopoffering vir doeleindes van "vergoeding" soos omskryf in paragraaf 1 van die Vierde Bylae.
- 2.1.3 Die vertolking en toepassing van die vrystelling kragtens artikel 10(1)(c)(v), ten opsigte van enige ooreenkoms voor 1 Januarie 1990 aangegaan.
- 2.1.4 Die aftrekbaarheid van enige uitgawe aangegaan deur 'n werkgewer om die werkgewer se na-aftrede mediese fonds verpligting teenoor voormalige of huidige werknemers (uitgesluit aftrekkings ingevolge artikel 12M), geheel of gedeeltelik oor te dra of uit te wis, spesifiek ingesluit, maar nie beperk nie tot—
 - (a) enkelbedragbydraes aan pensioen-, voorsorg- of bystandsfondse;
 - (b) enkelbedrag skikkingsbetalings direk aan werknemers gemaak;
 - (c) premies deur die werkgewer betaal om annuïteitspolisse te verkry.
- 2.1.5 Aansoeke wat handel oor inwoner- of belastingstatus, wat insluit—
 - (a) die bepaling van die plek van effektiewe bestuur vir doeleindes van die omskrywing van "inwoner" in artikel 1(1);
 - (b) enige bepaling of 'n "buitelandse besigheidsaak" met verwysing na 'n beheerde buitelandse maatskappy bestaan vir doeleindes van die omskrywing van daardie term in artikel 9D(1);
 - (c) enige bepaling of 'n "permanente saak" soos omskryf in artikel 1(1) ontstaan het.
- 2.1.6 Of vergoeding "billike markwaarde" vir doeleindes van Deel V van Hoofstuk II sou uitmaak.
- 2.1.7 Enige uitoefening van die Kommissaris se diskresie kragtens artikel 58(1) om te bepaal of die vergoeding gegee vir die beskikking oor eiendom voldoende is.

2.2 Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991)

- 2.2.1 Die aanspreeklikheid vir belasting van 'n verskaffer van goedere of dienste wat nie 'n party tot die aansoek is nie.
- 2.2.2 Die bevoegdheid om insetbelasting af te trek ten opsigte van goedere of dienste verkry deur 'n persoon wat nie 'n party tot die aansoek is nie.
- 2.2.3 Aansoeke wat vereis dat die Kommissaris moet bepaal dat 'n persoon as 'n agent of prinsipaal ten opsigte van die lewering van goedere of dienste optree.
- 2.2.4 Of die lewering van goedere of dienste 'n enkele lewering, saamgestelde lewering of verskeie lewerings uitmaak.
- 2.2.5 Bevestiging dat die uitreik van 'n belastingfaktuur of debiet- of kredietnota voldoen aan die vereistes van enige wetgewing met betrekking tot elektroniese kommunikasies, of dat enige tegniese vereistes ten opsigte van elektroniese fakturering nagekom is.
- 2.2.6 Bevestiging of 'n persoon wat nie 'n "inwoner van die Republiek", soos in artikel 1(1) omskryf is nie, 'n "onderneming" soos omskryf, deur 'n permanente saak in die Republiek beoefen.
- 2.2.7 Bevestiging of 'n persoon 'n "inwoner van die Republiek" soos omskryf in artikel 1(1) is, met verwysing na die plek van effektiewe bestuur.
- 2.2.8 Aansoeke wat betrekking het op transaksies ten opsigte waarvan die wesenlike feite nie ten tyde van die aansoek vasgestel kan word nie.

2.3 "Employment Tax Incentive Act, 2013 (Act No. 26 of 2013)"

- 2.3.1 Aansoeke wat verband hou met of 'n werkgewer kwalifiseer om die "Employee Tax Incentive" ingevolge die bepalings van die "Employment Tax Incentive Act, 2013" (Wet No. 26 van 2013), te ontvang.

2.4 Ander oorwegings

- 2.4.1 Aansoeke om aanwysings of sertifikate ingevolge die wette wat deur die Kommissaris geadministreer word, indien ander meganismes beskikbaar is deur middel waarvan daardie aanwysings of sertifikate verkry kan word.
- 2.4.2 Aansoeke rakende die toeskrywing, toedeling of verdeling van uitgawes of insetbelasting vir doeleindes van inkomstebelasting of belasting op toegevoegde waarde. 'n Versoek vir die goedkeuring van 'n alternatiewe toedelingsmetode mag ingevolge artikel 41B van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, gedoen word.
- 2.4.3 Aansoeke rakende die belastinggevolge van transaksies vervat in ooreenkomste wat reeds aangegaan is, behalwe versoeke vir—
 - (a) beslissings of klasbeslissings ingevolge artikel 41B van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991; of

- (b) die verlenging van die geldigheid van 'n beslissing, voor die vervaldatum daarvan, indien die feite (ingesluit al die terme van die transaksie), die toepaslike bepalings van die relevante wetgewing en die toepaslike regsbeginsels dieselfde gebly het.

2.4.4 Aansoeke ten opsigte waarvan die aansoeker of mede-aansoeker nie alle belastingopgawes ingedien het, of enige belasting nie betaal het voor die betaaldatum nie, tensy reëlins aanvaarbaar vir die SAID gemaak is.